South African Wood Preservers Association

Nuusbrief 208

Februarie 2017

DEPT. OMGEWINGSAKE — VOORWAARSKUWING AAN INDUSTRIE

Lede wat direk betrokke is by die verduursaming van hout behoort teen dié tyd bewus te wees van die voorwaarskuwingsbrief wat die Departement van Omgewingsake aan die bedryf gestuur het, en waarin hulle aandui dat die bedryf inspeksies van die Groen Skerpioene te wagte moet wees.

Die brief is ook aan SAWPA geadresseer, en na konsultasie met 'n regsspesialis in omgewingsake het ons per brief aan die DOS gereageer. SAWPA se antwoord is aan al die lede in die bedryf gestuur, en in prinsiep erken ons ontvangs van die DOS se brief, neem kennis van die kommerwekkende sake daarin uitgelig, versoek ons verduideliking van sekere sake, en bied ons ons samewerking aan indien hulle enige verdere inligting van ons verlang. Die DOS het aangedui dat hulle ons brief onder beskouing sal neem en terugvoer sal gee.

Soos in vroeëre e-posse aan alle behandelaars, wil ons die belangrikheid van die DOS se voorwaarskuwingsbrief herhaal en lede dringend versoek om proaktief te wees deur 'n risikobepaling te doen op alle areas in die aanleg waar daar 'n risikopotensiaal vir kontaminasie en besoedeling van die omgewing is. Die huidige weergawes van SANS 10005:2016 en SANS 10255:2009 bevat handige vraelyste sowel as ondersteunende inligting.

Dit sal ook wys wees vir lede om hulle status t.o.v. die omgewingsgoedkeuring en -lisensies wat benodig mag word na te gaan, en die nodige bewyse daarvan byderhand te hou. Omgewingsgoedkeuring is sedert 1997/98, toe die eerste regulasies vir omgewingsimpakstudies gepubliseer is, van toepassing op alle aanlegte wat daarna opgerig en/of uitgebrei is. Insake lisensiëring moet enige aanleg wat gelyste aktiwiteite beoefen wat in lugkwaliteitwetgewing gespesifiseer word, soos houtdroging (drogingsoonde), en die verhitting van kreosoot, in besit wees van 'n geldige atmosferiese-emissie-lisensie (AEL), en sedert onlangs, geregistreer wees op en verslag doen op die Nasionale Inventarisstelsel van Atmosferiese Emissies (NAEIS). Alhoewel die departement nie daarna verwys het in hulle brief nie, is nog 'n verdere area waaraan aandag gegee kan word en wat onder die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur val, die voldoening aan wetgewing vir afvalmateriaal, d.w.s. die verpligtinge t.o.v. afvalgenerering, -versameling, -storing en -verwydering.

NRVS-HEFFINGS BETAALBAAR VIR PERIODE 16B (1 Julie tot 31 Desember 2016)

Die 31ste Desember merk die einde van die tweede NRVS-heffingsperiode vir 2016. Daar word van alle aanlegte vereis om hulle tipe 5-verklaringsvorm 16B in te dien, en dan ook die heffings daarop te betaal, verkieslik voor 31 Januarie, of so gou moontlik daarna. Volgens die NRVS is die vorm 16B aan alle vervaardigers gestuur, maar indien sekere aanlegte dit nie ontvang het nie kan dit beteken dat hulle e-posadres op die NRVS se databasis verkeerd is en reggestel moet word. 'n Generiese vorm 16B kan van die SAWPA-webtuiste afgelaai word by www.sawpa.co.za/nrcs. Indien u van die generiese vorm gebruik maak is dit belangrik om die nodige aanlegbesonderhede asook die spesifieke JDE-of HEF-nommer, wat deur die NRVS aan jou aanleg toegewys is, aan te dui. Indien u nie weet wat u unieke verwysingsnommer is nie kan u vir Magda Spies van die NRVS kontak by magda.spies@nrcs.org.za of 012 482 8890.

KENNIS VAN STREEKVERGADERINGS

Lede word in kennis gestel van die eerste rondte SAWPA-streekvergaderings vir 2017 op die datums wat hieronder aangedui word. Finale bevestiging van die datums sowel as die vergaderplek sal nader aan die tyd gegee word. Lede is welkom om

voorstelle vir besprekingspunte by die vergaderings te maak. Spesifiseer asseblief of dit net vir u spesifieke streekvergadering of vir alle streekvergaderings op die agenda geplaas moet word. Indien voorbereiding deur SAWPA benodig word moet soveel moontlike inligting ook deurgegee word.

Streekvergaderingskedule

Gauteng	16 Maart 2017
Suid-/Oos-Kaap	17 Maart 2017
Wes-Kaap	24 Maart 2017
Mpumalanga	27 Maart 2017
Limpopo	29 Maart 2017
KwaZulu-Natal	31 Maart 2017

Die vergaderings begin om 10:00. Verversings sal voor elke vergadering bedien word, en middagetes na die afloop daarvan. Laat weet asseblief vir Sue by 011 974 1061 of sawpa@global.co.za indien u die vergadering en middagete gaan bywoon.

SANS 5997:2016 (UITG. 1.2) GEPUBLISEER

SANS 5997, *Zinc detection in timber*, is in Desember 2016 gepubliseer. Die standaardmetode, wat in die verlede gebruik is om te bepaal of hout met sinkgebaseerde middels behandel is, is nou aangepas om ook te dien as opspoormiddel van nie-metaalbevattende organiese middels wat wel 'n nie-aktiewe sinkspoorelement bevat, soos byvoorbeeld asool-permetrien verduursamingsmiddel (ZP), beter bekend as Vacsol Azure™. In die geval van ZP is die sinkelement slegs bygevoeg om die teenwoordigheid van verduursamingsmiddel tydens penetrasietoetse te bespeur.

7de HOUTKONFERENSIE

Die 7de Houtkonferensie aangebied deur HWZ International vind op 28 Februarie by die Kaapstad Internasionale Konvensiesentrum plaas. Bruce Breedt is gevra om 'n aanbieding te maak tydens die konferensie. Die tema van die aanbieding sal handel oor die verduursamingsvereistes van plaaslik gegroeide strukturele hout teenoor ingevoerde strukturele hout. Die aanbieding sal hoofsaaklik fokus op wat die Suid-Afrikaanse regulasies vereis, hoe dit verband hou met die behandelingsvereistes, verskille tussen houtspesies, duursaamheid en vatbaarheid deur insekte, en behandelbaarheid. Vir meer inligting oor die konferensie gaan na www.woodconference.co.za/home/.

KZN KONSTRUKSIE-EKSPO

Die Ekspo vind plaas op 22 en 23 Februarie by die Durban Eksposentrum. SAWPA het 'n stalletjie bespreek en sal soos met vorige Ekspo's ten doel hê om beter bewusmaking van houtverduursaming te bewerkstellig, en as 'n sentrum vir inligting te dien vir handelsverteenwoordigers en algemene verbruikers by die skou.

Dié wat belangstel om die skou by te woon kan gebruik maak van die aangehegte besoekerskaartjie wat gratis toegang sal verleen.

BRUCE BREEDT

SAWPA aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige stellings wat in die nuusbrief gemaak is nie.